

'n Belangrike nuwe begin in 2018.

In die jaar van ons Here, 2018, bring verandering en vernuwing vir ons nuwe, unieke en opwindende geleenthede. Ons kry 'n nuwe leraar met unieke gawes en talente - 'n nuwe predikantsgesin wat onder andere vir ons die geleentheid bied om nogmaals met ons werk vir die Here, voor te begin.

Wat gaan ons met hierdie nuwe kans in ons persoonlike lewe en in die Kerk van Christus, die Bruid van die Lam, maak?

Wat verwag die Here van ons om vir Hom te doen in omstandighede waar die CPK se bediening uitgedaag gaan word deur baie behoeftes van sy lidmate en veral deur die behoeftes van die Here se Werk en Kerk?

Mag ek voorstel dat ons almal eers biddend oorweeg watter nuwe begin in ons persoonlike en gesinslewe lewens gepas en noodsaaklik is en dat dit dan vir ons makliker sal wees om ook God se uitdaging aan ons verstandig, saam met ons mede-gelowiges in sy Kerk, aan te pak.

Kom ons oorweeg die inhoud van 'n nuwe persoonlike begin in:

- ons verhouding met God, sy Seun en sy kragtige Heilige Gees
- ons liefdesverhouding met die Liggaam van ons Here op aarde
- ons lojale verhouding met die CPK, getroue aanbidding en die uitlewing van ons kerklike lewe soos die Here van ons vra
- ons huwelik en gesinsverhoudinge
- ons werk en ons ontspanning
- ons groei as mense en veral ons groei as Christene en gelowige verteenwoordigers van God in ons gemeenskap.

Verskonings kan nie red van God se veroordeling van ontrou, selfsugtigheid en die sekulêre leefstyl waar ek en my begeertes voorrang kry, bo God se verwagtinge nie!

Net Jesus Christus red!

Die Here kyk deur ons verskonings en sien die vermetelete self-sentreerde mens wat almal en selfs sy Kerk sal misbruik om persoonlike voordeel en gerief, i.p.v. God se heilige eer en gehoorsaamheid aan Hom, te soek.

Mag ons keuses wys wees en ons voornemens in ooreenstemming met die Woord en wil van God alleen. *Mag geen prys te groot wees en geen opoffering te swaar, om ons liefde vir die Here sonder verskoning vir of regverdiging van ons sonde, uit te leef nie.*

Dan, as ons as gelowiges en as kinders van God weet wat Hy van ons verwag, sal ons die seëninge van die Here in hierdie nuwe jaar veelvoudig ervaar.

Sê elke dag die woorde in Josua 24 hardop: ***Wat my en my familie betref, ons sal die Here dien!***

Baie dankie vir samewerking in diens van die Goeie Nuus van die Here gedurende die afgelope jare, sedert 2000!

Dankie vir talle gebede, gehoorsaamheid aan die Here en harde werk wat gedoen is en oorwinnings wat behaal is. Mag die Here elke positiewe gesindheid deur sy Gees vermenigvuldig in 2018 en hierdie gemeente help en inspireer met sy liefde en genade.

Mag God hierdie nuwe begin en bediening kragtig seën!